

27 November

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-16

Fokusgedeelte: Johannes 1:7b, 12, 13

Die wonder van: Om te glo!

Van die mooiste woorde uit die mond van 'n mens is: "Ek glo!" "Ek glo in Jesus Christus!" "Ek glo in God Drie-enig!" Om te glo en om jou geloof te bely, kom nie uit jouself nie. Jy is nie van nature 'n gelowige nie – nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie – maar as gelowige is jy uit God gebore (vs. 13). Dit is 'n nuwe geboorte! God bewerk dit!

In Johannes 1:6-8 word verwys na Johannes die Doper as 'n man wat deur God gestuur is om van die ware Lig, Jesus Christus, te getuig. Johannes die Doper is nie self die ware lig nie, maar is slegs die lamp wat die lig versprei. Die ware lig was besig om te kom, maar ... die wêreld en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie (vs. 10, 11). Daar was uitsonderings: daar was mense wat Hom aangeneem het, wat in Hom geglo het (vs. 12) en wat hulle vertrou op Hom geplaas het. God het vir hulle 'n nuwe weg deur Christus geopen. Deur Christus het hulle geglo en het hulle die volmag en die bevoegdheid ontvang om kinders van God te word (vs. 12). Hulle is uit God gebore! (vs. 13).

Om "uit God gebore" te wees, is om 'n nuwe geboorte deelagtig te word. God werk hierdie nuwe geboorte deur sy Heilige Gees in die mens, in die lewe van sy uitverkore kind. Dit verander ons lewens radikaal! Dit gee sin en betekenis daaraan sodat ons lewens nie aardserig is nie, maar Godgerig, want ons glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God (20:31).

Om te glo ... as ek oud word en my kragte afneem, of as ek ernstig siek in die hospitaal lê, of as ek baie dinge in my lewe nie kan verstaan nie ... is om diep neer te buig voor God en te bid om geloofskrag te ontvang om dit wat Hy oor my beskik, kinderlik te aanvaar. Om te glo, is om die sekerheid te hê dat my hele lewe in God se hand is en dat Hy in beheer daarvan is! Om te glo, is om aan God, wat my vashou, vas te hou en te weet: ek is nooit alleen nie. Ek glo: God is by my, elke dag!

Sing: Skrifberyming 12-2:1, 4

Ds. Pieter J van der Walt (Emeritus)